

## PREEKSKETS: EFESIËRS 1:15–23

Die vraag waarby dié gedeelte ons tot stilstand bring, is: Wat is onder jou enjinkap? En dan in besonder: Wat is die grootte van die Krag wat God se kind dryf? As die Gees die apostel dryf om ons daarop te wys hoe “geweldig groot” die krag is waarmee die Heilige Gees in ons werk, beskryf hy dit nie nét met vier verskillende woorde nie, maar Hy beskryf ook vir ons wat dié kragtige werking van die Heilige Gees in die lewe van Christus bewerk het. “Dieselfde kragtige werking van sy mag” waarmee Hy in ons werk, het “Christus uit die dood opgewek” en “Hom in die hemel aan sy (God) regterhand laat sit”.

**DIESELFDE HEILIGE GEES WAT IN CHRISTUS** al hierdie groot dinge tot stand gebring het, is “*dieselfde kragtige werking*” wat in elke kind van God werk. Paulus se beskrywing van hierdie krag kan ook letterlik vertaal word met: “*dat julle kan weet... wat die onvergelykbare grootheid van sy krag (dunamis) is op ons wat glo. Dié krag is soos die aktiewe energie (energeia) van sy magtige (kratous) sterkte (ischus) wat Hy uitgeoefen het in Christus...*”

Die woord **dunamis** wys op iets wat krag opwek. Die kragopwekkers by Eskom gee baie probleme en daarom sit ons gereeld kragloos in die donkerte. Sonder die dunamis van die Gees is God se kinders kragteloos in die donkerte van ons sondige bestaan. Met die krag van die Heilige Gees wek Hy ons op tot ’n nuwe lewe en werk Hy die wedergeboorte in ons sodat ons weer kan lewe. As Paulus hierdie lewendwekkende krag verder beskryf, dan leer hy ook:

Dié onvergelykbare krag gaan ook gepaard met energie (**energeia**). In tye wanneer God se kind sê “ek het nie die energie hiervoor nie”, dis dan wanneer die Gees ons die krag gee om op te staan, teen ons menslike begeertes en natuur in, en dit ín ons werk om Christus na te volg. Soos Paulus wat ter wille van Christus in ’n tronksel gesit het toe hy dit gesê het, kan ek altyd sê: “*Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee*” (Fil. 4:13)

Dié onvergelykbare krag gaan ook gepaard met mag (**kratous**). Die woord verwys na die krag om ’n ander krag te oorkom. In die NT word hierdie woord ook veral gebruik wanneer Jesus wonderwerke doen. Ek en jy staan nie alleen teen al die kragte wat ons sondige natuur wil gebruik en ons van God wil vervreem nie. Waar die Gees ons bemagtig, bestaan daar nie verskonings vir my sondes nie. Biddend in sy krag verdryf ek die sonde met mag en mening.

Dié onvergelykbare krag van die Heilige Gees gaan ook gepaard met ’n innerlike geloofsterkte (**ischyos**). God die Heilige Gees gebruik sy Woord en Hy lei my in die volle waarheid van wie die Vader is, van wie Christus is EN van wie EK IN CHRISTUS IS. Waar die Gees ’n sterk innerlike krag in my hart en lewe is, staan ek teen storm en ongety, in weelde en ongeluk, vas in die genade van God, soos ek dit in Christus Jesus, my Here ken!

Om God waarlik te ken, beteken dat ek ook sal weet hoe kragtig die werking van die Heilige Gees in ons is. Mag ons God in Christus net meer en meer ken en mag ons net meer en meer besef hoe groot die krag is waarmee Hy in ons werk.

## **OGGENDDIENS**

**TEMA:** Wat is onder jou  
“enjinkap”?

### **Stemmingsliedere**

Lied 449:1-3

### **Ontmoetingsdiens**

Votum / Seëngroet

Lb 456:1&2

Geloofsbelydenis: Apostolicum

### **Versoeningsdiens**

Jeremia 31:31-34

Sb. 8-1:1&2

### **Woorddiens**

Gebed

Sb. 8-2:3-5

Skriflesing: Efesiërs 1:15-23

Fokusvers: Efesiërs 1:19-20

### **Antwoorddiens**

Gebed

Fokus op die wêreld

Ps. 18-2:5&7

Groetseën

AMEN

## **AANDDIENS**

**TEMA:** Ek is vry om deel te  
wees van Christus!

### **Stemmingsliedere**

Sb. 5-2:8&9

Lied 152

### **Ontmoetingsdiens**

Votum / Seëngroet

Ps. 146:1&5

Sb. 1-1:2&3

### **Woorddiens**

Gebed

Skriflesing: 1 Korintiërs 6:12-20

Fokusvers: 1 Korintiërs 6:15&19

### **Antwoorddiens**

Gebed

Fokus op die wêreld

Sb. 19-3:1-4

Groetseën

AMEN

Sb. 10-2

## Download The Bible App

1. **Select:** App Store



2. **Search:** YouVersion



3. **Select:** GET / Download




4. On your main screen, with all the other icons, is a **little icon like in the picture**



5. **Select the icon**

6. On the bottom are the following icons



7. Bible App Activity, Vers of the day, Verse of the Day Images, Help me find a plan



8. **Select:** the book you want to read



Example: Hebrews

Hebrews

Select the Chapter



9. **Select** the versions you want to read

NASB

Example: AFR83 (Afrikaans 1983); NLV (Nuwe Lewende Vertaling); KJV (King James Version); AFR53 (Afrikaans 1933/1953); etc.

10. **Select** the language



11. **Select** Aa to change the font size

12. **Select** download; **Select** Agree and download

13. **Reading plans** help you read a little of the Bible each day.



14. **Search** any word in the Bible



15. **Invite your friends**




**En siedaar: lees die Bybel enigetyd, enigeplek en selfs “offline”**

Mag julle insien hoe enorm groot die krag is wat God gebruik vir ons wat glo. Dieselfde magtige sterkte was ook aan die werk toe God Christus uit die dood opgewek het en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het. (Efesiërs 1:19-20)

### Ons sien God se groot krag wat Hy gebruik

God het Jesus uit die dood opgewek.



God stuur reën, vloede en donderweer.



God het die Israeliete op droë grond deur die see getrek met die water soos mure aan weerskante van hulle.



Net soos hierdie kar krag nodig het om dit te laat beweeg, so groot is die krag wat God vir ons gee om in geloof te beweeg.

